 vry van beskadiging

wk.
 ✓ w.g.
 wnd.
 wo.

W.

wisselkoers
 was geteken
 waarnemend
 waaronder.

BYVOEGSEL II.

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS (NOVEMBER), 1928.

AFRIKAANS.
(LAER GRAAD.)

Twee uur, met Diktee.

1. Skryf 'n opstel van minstens dertig reëls oor een van die volgende onderwerpe:—
 - (a) Geld.
 - (b) "Eet meer vrugte." 1
 - (c) Die nut van bebossing.
 - (d) Die ontwikkeling van moterverkeer.
 - (e) Spaarsaamheid. [40]
2. Skryf een van die volgende briewe, met 'n gepaste antwoord daarop. Die inhoud van sowel die brief as die antwoord moet nie minder as 10 reëls beslaan nie.
 - (a) Jansen en Fourie, wolmakelaars, Oos-Londen, kla aan Mnr. Jan Jooste, Bolsfontein, Fouriesburg, oor die onbevredigende verpakking van sy wol.
 - (b) Venter en Vermaak, Standerton, wil by Malan en Nel, Malmesbury, inligting inwin oor die geldelike stand van Mnr. Frans Smuts, voorheen van Malmesbury, daar hy by hul 'n rekening wil open.

Of,

Skryf twee van die volgende advertensies:—

- (a) Plaas te koop.
- (b) 'n Vrugtekweker bied aan om verbruikers regstreeks te voorsien.
- (c) 'n Hotel te huur.
- (d) 'n Stadsraad vra inskrywings vir meubelering van 'n nuwe stadsaal. [30]

3. Skryf sinne om die betekenis in die handelsgebruik van die volgende woorde duidelik te laat blyk:—

Kredietbrief.	Verwysingsnommer.	
Tonnemaat.	Verskeping.	
Prysopgawe.	Afsetgebied.	
Rekening-koerant.	Pakketpos.	
Sluitingspryse.	Insetprys.	[10]

4. Dui aan deur middel van flinke sinne wat die betekenis-verskil tussen die volgende woordpare is:—
Belê—verlê, loon—salaris, bruikbaar—gebruiklik,
welsprekend—spraaksaam, verkieslik—verkiesbaar.
[10]

5. Die algemene sinsontleding van die volgende stuk word verlang:

Hoewel die vereniging 'n jaar of wat gelede sy werk aanvaar het met 'n bespotlike klein aantal lede, het dit egter soveel kostelike werk in die distrik verrig, dat die ledetal nou die aansienlike syfer van 870 bereik het, wat tot lof strek van die wakkere bestuur en hul ywerige amptenare, maar daar bly nog baie oor om te doen alvorens dit tot een van die vooraanstaandes onder die soortgelyke liggame wat oral in ons land bestaan kan gereken word. [20]

6. Skryf oor in die *direkte rede*:—

Die besturende direkteur (Mnr. Gert Nel) het in sy toespraak aan die aandeelhouders sy leedwese uitgedruk dat daar so min belangstelling onder hul skyn te heers. Hy was van oordeel dat, as hul dit opreg meen met die vooruitgang van hul organisasie, die saal stampvol sou gewees het. Hy en sy broer (Mnr. Piet Nel) en twee van hul kollega's op die bestuur het die ganse distrik deurreis, nadat hul sekretaris orals rond en bont skriftelike kennisgewings uitgestuur het, en in die loop van hul reis het hy en sy reisgenote beloftes van ruime ondersteuning gekry. Toe wat sien hy nou? Net 'n klompie dorpelinge wat—hulle moet hom asseblief verskoon as hy hom 'n bietjie kras uitdruk en miskien een of ander onskuldige te na kom

maar betreklik min geld in die saak gesteeke het, terwyl die oorgrote meerderheid van hul lede glad nie skyn te besef dat die hele saak in duie sou val as hul nie gou alle seile bysit nie. [10]

7. Skryf 'n saaklike opsomming, hoogstens een derde van die oorspronklike, van die volgende stuk:—

Die Minister van Spoorweë en Hawes het onlangs na Lisbon afgereis om daar met die Portugese regering 'n nuwe ooreenkoms te tref om die vervalle Mosambiek-Konvensie te vervang. Na lang besprekings en onderhandelinge het dit hom geluk om 'n vergelyk te tref, en op 'n eetmaal waar die geslaagde pogings gevier is, het die Minister 'n interessante toespraak gelewer. Hy het veral gewys op die noue verband wat daar bestaan tussen al die regerings en lande van Suid-Afrika, en hy het die hoop uitgespreek dat hul Portugese bure dieselfde vooruitgang en ontwikkeling sou geniet as hul noordelike bure in Rhodesië. Die Unie, so verseker hy, stel steeds 'n innige en simpatieke belang in die ontwikkeling en vooruitgang van sy naburige lande. Hy probeer om hul moeilikhede te besef net soos hy verlang dat sy moeilikhede besef word. Die Unie se gedragslyn is die van samewerking en koöperasie. Die moeilikhede waarmee hulle almal te kampe het is grotendeels van dieselfde aard. Daar is bevoorbeeld die naturelle-vraagstuk—die belangrikste waarin die belange van die verskillende dele en gebiede van Suid-Afrika so aanmekeer geskakel is dat dit moeilik is om die eenheid van belange te verontagsaam. Almal stem saam dat hierdie vraagstuk behandel moet word op 'n grondslag van regverdigheid en onpartydigheid in die behandeling van die naturelle-inwoners van Suid-Afrika. Almal stem ook saam dat die beskawing van die blanke gehandhaaf moet word. Dis dus nie alleen wenslik nie maar dringend noodsaaklik dat die buurlande in die nouste verbinding met mekaar staan en saamwerk om hul gemeenskaplike vraagstukke te probeer oplos. [20]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS (NOVEMBER), 1928.

AFRIKAANS.

(LAER GRAAD.)

DIKTEE.

Die Opsiener moet die volgende woorde stadig en duidelik, en elke woord net eenkeer uitlees. Daarna moet hy die hele lys herhaal, maar die hele oefening moet nie meer as tien minute in beslag neem nie.

Verkiesingsdag.	Doeanekantoor.
Landboubedryf.	Kapitaalrekening.
Duursaamheid.	Pasmunt.
Kruidnaëlolie.	Landbouwerktuie.
Skryfbehoeftes.	Borduurwerk.
Skoorsteenveër.	Wanbetaling.
Verkoelingstoestel.	Steenkoolmyn.
Plesiervaartuig.	Metaalskuim.
Putswingel.	Onvergelyklik. [10]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS (NOVEMBER), 1928.

HANDELSAFRIKAANS.

(INTERMEDIERE GRAAD).

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 40 reëls oor een van die die volgende onderwerpe:—

- (a) Die handelswaarde van vliegtogte.
- (b) Banke.
- (c) Kan ons sonder die middelman in besigheid klaarkom?
- (d) Die invloed van die mode op die handel.

[20]

2. Skryf (a) en (b), of (c) en (d):—

- (a) 'n Twede maanbrief aan 'n klant wat aan u firma £100 skuld, en van wie daar geen antwoord op die eerste maanbrief ontvang is nie.

- (b) 'n Antwoord op (a).

Of,

- (c) Aan die redakteur van 'n groot koerant 'n brief waarin u hom versoek of hy gewillig sal wees om sekere artikels te plaas wat u geskryf het (sê waaroor) en wat sy terme is.

- (d) 'n Antwoord op (c).

3. Die firma Verloren en Bok, Hoofstraat, Pretoria, het 'n goeie tweetalige snelskrif-tikster nodig vir hulle korrespondensieafdeling. Hulle adverteer vir een in *Die Volkstem* van 26 November 1928

- (a) Skryf die advertensie—gee volledige besonderhede—soos dit in *Die Volkstem* sal verskyn.

- (b) Doen aansoek om die betrekking.

[10]

4. Skryf kort aantekeninge (omtrent 8 reëls) oor:—

(a) Omsendbriewe.

(b) Gekruiste tjeks.

(c) Antwoorde op klagte. [9]

5. Jansen en Kie. (Kaapstad), een van die grootste Adderleystraat-firma's, het uit Parys 'n besending tabberds ontvang, watter feit hulle dadelik en prominent onder die aandag van die publiek wil bring.

Beskryf kortliks drie maniere waarvan hulle gebruik kan maak om dit te doen. [9]

6. Kondenseer die informasie wat in die onderstaande paragraaf staan sodat dit geskik sal wees om in telegramvorm gestuur te word. Sorg dat u telegram kort en saaklik is, en tog al die nodige informasie bevat:—

"Dit spyt ons dat ons nie in staat is om u bestelling vir 500 kissies lemoene op die oomblik ten volle uit te voer nie. Ons kan u nou net 300 kissies laat kry; die ander sal ons u binne die volgende twee weke kan stuur. Laat ons dadelik per telegram weet of hierdie voorstel u goedkeuring wegdra." [5]

7. Verklaar enige tien van die volgende:—

Entrepôtprys. Diwidendreserwe.

Preferente aandele. i.s.

Inwentarisasie. Awerygros.

Voorkeurtariewe. Toekomstige aflewering.

k.m.b. Assuradeur.

Kaart en transport. Handelskommissaris.

Ex parte F. en W.U.

Uitkeerpolis. [10]

8. Kies 'n geskikte opskrif vir, en geen 'n kort en saaklike opsomming van die volgende:—

Dat daar in die afgelope paar jaar heelwat vooruitgang te bespeur is wat betref koöperasie in Suid-Afrika, is 'n feit waaroor ons seker almal baie verheug is. Uiteindelik skyn dit asof alle seksies van die samelewing die groot voordele besef wat saamwerk meebring. Nie alleen in die groot stede vind ons dat groepe mense met dieselfde belange saamstaan en saamwerk nie, maar ook op die platteland tref ons

teenswoordig koöperatiewe liggame aan. So kry ons koöperatiewe verenigings van wolboere, graanboere, vrugteboere, ens., en die uitstekende resultate wat in baie gevalle deur die boere-koöperasies bereik word is genoegsame regverdiging vir die kerngesondheid van die ondernemnigs, en terselfdertyd 'n aanmoediging vir ander wat nog nie deelneem aan die voordele wat so'n saamwerk-stelsel aanbied nie, en dadelik stappe te doen in die regte rigting. Dat koöperasie, indien dit op die regte manier aangepak word, 'n sukses—en 'n baie groot sukses—moet wees, sal niemand tog vandag meer wil betwis nie. Maar, soos ons gesê het, dit moet op die regte manier aangepak word. Daar moet, met ander woorde, sorgvuldige aandag bestee word aan dié faktore wat enige besigheidsonderneming 'n sukses—of andersins—maak, faktore soos 'n bekwame bestuur aan die hoof van sake en die stig van 'n reserwefonds vir maer jare. [10]

9. Verbeter die stukkies drukwerk wat u ontvang het, en lê dit in u antwoordeboek. [5]

10. Onderstaande brief is sleg gerangskik en in slordige taal opgestel. Skryf die brief oor nadat u die taal-foute verbeter en die informasie beter gerangskik het:—

Geachte Heer,

Hierby ons wens die ontvangs van jou brief van 18de deser te herken, asook die bestelling soos per bestel briefie No. 81. Ons is egter spyt dat ons jou bestelling nie kan uit voer voordat jy nie jou voorige rekening by ons gebetaal het. Ingesluit sal jy 'n ekstemplaar van ons jongste pryslys vind, en hoop ons jy sal die geskik vind. Ons kan jou verseker dat ons jou bestelling uit sal voer onmiddelik na ontvangs van jou tjek ter verefening van die ingeslote rekening. Daar ons die geld dringend nodig hê, ons sal baie bly wees om die so gou soos moëntlik te ontvang.

Blyfende,

Jou,

B. Handelaar. [10]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS (NOVEMBER), 1928.
(HOËR GRAAD.)

Drie uur.

1. Skryf 'n opstel van omtrent *veertig reëls* oor een van die volgende onderwerpe:—

- (a) Ouderdomspensioene.
- (b) Droogtebestryding.
- (c) Tegniese Onderwys.
- (d) Spaarsaamheid.

[20]

2. (a) Skryf die volgende briewe:—

(1) Die sekretaris van 'n Koöperatiewe boerevereniging in die Westelike Provinsie skryf aan die sekretaris van 'n dergelike vereniging in Transvaal dat sy vereniging alleenlik uit *bona fide* boere bestaan; dat hulle verlang om met die boere van Transvaal saam te werk; dat hulle gereed is om direk hulle benodigdhede van die Transvaalse boere te bestel; dat hulle die Transvaalse boere van produkte, in die Westelike Provinsie gekweek, kan voorsien.

(2) Die sekretaris van die Transvaalse vereniging verwelkom die wenk, maar meen dat 'n vergadering van die bestuur van die twee verenigings in Pretoria behoort belê te word om 'n bepaalde organisasie vir die doel daar te stel.

(3) Die sekretaris van die Transvaalse vereniging rig 'n brief aan elke lid van sy bestuur om so'n vergadering te belê.

(4) Dieselfde sekretaris skryf 'n brief aan die gewone lede van die vereniging waarin die ooreenkoms tussen die twee besture verduidelik word en vra om hulle ondersteuning.

(5) 'n Lid skryf aan die sekretaris van sy vereniging waarin hy voorlopig sy volle ondersteuning beloof en vra om meer besonderhede.

- (b) Skryf 'n indeks van voorgaande korrespondensie.

[20]

3. Wat is die vereistes vir 'n deeglike sakebrief? [10]
4. Skryf 'n kort verhandeling oor die verskillende liasseerstelsels, en beveel een van die stelsels aan.
5. Verklaar:—
 Prokurarie, deurslag, wisselkoers, entrepôt, etiket, slytasie, afsetgebied, verhandelbare instrument, rabat, tarra. [10]
6. U is distriksbestuurder van 'n vooraanstaande lewensversekeringsmaatskappy. Skryf 'n jaarverslag waarin u o.a. melding maak van die moeilikhede waarmee u te kampe het. [15]
7. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende:—
 (a) „Die doel van die huidige wetsontwerp is in die eerste plek om die volksgesondheid te beskerm, maar 'n ander vername doel is ook om bedrog en wanvoorstelle in verband met voedingstowwe en medisyne te voorkom en eerlike produksie en handel in egte artikels te bevorder. Die wetsontwerp handel byna uitsluitelik met vervalsing van 'n skeikundige aard. Die hoof-idee in verband met wetgewing insake voedingstowwe en medisyne is in alle lande dat dit sake is ten opsigte waarvan die publiek nie in staat is om homself te beskerm nie. Die wetsontwerp bevat geen bepaling wat beskou word as 'n willekeurige bemoeiing met die smaak of die wens van die publiek nie, en daar is geen beperking in die wetsontwerp nie, nog word daar enige beperking voorgestel in die bepaling ten opsigte van die produksie of verkoop van voedingstowwe solank as wat dit gesond is en die koper weet wat hy kry. Die plan is om in oorleg met die Departement van Landbou te handel en veral met sy amptenare wat met die suiwelbedryf te doen het sowel as met die Raad van Handel en Nywerheid wat met die invoer van voedingstowwe, plaaslike produksie en die

handel in die algemeen te doen het, en verder ook met nie-amptelike liggame soos die kamers van koophandel, kamers van nywerheid, ens. Die Regering is baie begerig om aan alle redelike wense van vervaardigende handelaars sowel as die algemene publiek gehoor te gee."

- (b) „Ons vind dit immorele of onetiese konkurensie en ons het 'n aanbeveling gemaak ten effekte dat 'n Wet op Suiwere Voedsel en Medisyne baie sou help om die vraagstuk van onbillike konkurensie uit die weg te ruim. Dit is 'n ernstige saak, en in die verlede het ons in Suid-Afrika onvoldoende aandag gegee aan hierdie kant van onbillike konkurensie. Verskeie persone en liggame het reeds verhoë in verband met die saak aan ons gerig, en as gevolg daarvan het ons verslag aanbeveel dat 'n Wet op Voedingsmiddels en Medisyne ingedien moet word. Ons ondersteun die wetsontwerp, en is baie verheug dat die wetsontwerp nie alleen die vraagstuk insake skadelike vervalsing en nadelige vermenging behandel nie, maar ook dat dit werklik handel oor valse omskrywing, vervalsing en dergelike vorms van onbillike konkurensie. Ons voel ook dat dit in die toekoms noodsaaklik sal wees om 'n wet op handelsmerke te oorweeg wat 'n noodsaaklike aanvullende wetsontwerp sal wees."

[15]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

PRELIMINÊRE HANDELSERTIFIKAAT, PRELIMINÊRE TEGNIESE
SERTIFIKAAT EN NASIONALE HUISVROUSERTIFIKAAT, JUNIE, 1930.

AFRIKAANS.

Twêe uur, plus 20 minute vir die Diktee.

EKSAMINATOR: J. H. VERMEULEN.

MODERATOR: S. S. LOUBSER.

AFDELING I.

1. Skryf 'n brief aan Gebrs. van Breda, en vra hul om hulle prysopgawes en geïllustreerde Katalogus van skoene. [20]
2. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne, sodat die betekenis van die woorde duidelik uitkom:—
Skryftafel, lias, kruidenier, makelaar. [8]
3. Gebruik passende voorsetsels in die volgende sinne:—
 - (a) Hy is voet vanoggend hier weg.
 - (b) Hy ly longkwaal.
 - (c) Hulle reken jou vir hulp.
 - (d) Sy glo spoke.
 - (e) Die inspekteurs moet hul dikwels die kinders ontferm. [5]
4. Skryf die volgende sinne oor in die Verlede Tyd:—
 - (a) Die man het baie vriende wat hy kan vertrou.
 - (b) Hy sê hy sal my besoek.
 - (c) Al is vader arm, tog onderhou hy ons swaar huis goed.
 - (d) As jy misskiet, is dit klaar met jou.
 - (e) Jan vra of hy mag loop. [10]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

JUNIOR HANDELSERTIFIKAAT.

AFRIKAANS A.

Drie uur.

EKSAMINATOR: J. J. DU PREEZ.

MODERATOR: S. S. LOUBSER.

AFDELING B.

1. Skryf 'n opstel van minstens 35 reëls oor een van die volgende onderwerpe:—
 - (a) Die Droogtevraagstuk in Suid-Afrika.
 - (b) Koöperasie.
 - (c) Ons Nywerhede.
 - (d) Die Handel tussen Suid-Afrika en ander Lande.
 - (e) "Met die hoed in die hand
Kom 'n mens dwarsdeur die land." [25]
2. Skryf 'n brief aan 'n klant waarin u hom/haar beleefd versoek om 'n agterstallige rekening te betaal. Skryf ook die antwoord hierop. [15]
3. Gebruik vyf van die volgende woorde in sinne sodat u hul betekenis in die handel duidelik uitbring: Premie, faktuur, skuldbrief, wisselkoers, vragbrief, skuldeiser, laste, bate. [5]
4. Ontleed die volgende in sinne:—
Die belofte, wat afgelê word, is vir die hele lewe van krag en wie die belofte op later leeftyd verbreek, maak hom aan 'n swaar oortreding skuldig. As iemand dus te kenne gee dat hy belydenis wil aflê, is dit 'n ernstige saak. [5]

5. Skryf die volgende stuk oor en bring aan die nodige lees- en skryftekens en verdeel in paragrawe:—

jou boggie dink dirk jy weet seker alles van my moeilikheid af en nou loop jy my en uitlag meteens kry hy n gedagte wag n jood se gewete is baie ruim en ek sal hom vra om my vir n goeie beloning te help hy loop die jood agterna en vat hom aan die arm israël se dirk ek het geld van huis gekry en ek wil jou daarvan iets laat kry hoekom wil jy dan daarvan vir my gee vra die jood of hy van die wereld nie weet nie kom vanaand na my kamer toe en ek sal vir jou se. [5]

6. Skryf 'n saaklike opsomming, hoogstens een-derde van die oorspronklike van die volgende stuk:—

Mees Ongeorganiseerde Handelsvertakking.

In 'n persgesprek met Mnr. F. J. du Toit, Hoof van die Onder-afdeling Bemarking van die Afdeling Ekonomie en Marke, het hy daarop gewys dat die handel in velle—en baie lesers sal miskien verbaas wees om dit te hoor—ten spyte van die feit dat velle ons tweede belangrikste uitvoerprodukt is, en daar in 1928 velle ter waarde van nagenoeg vyf miljoen sterling uit die Unie uitgevoer is, so ongeorganiseer is, dat verskeie van die kamers van koophandel in ons land wat genader is met die versoek om 'n afgevaardigde na die konferensie te stuur, gesê het dat hulle geen persoon in hul organisasie het, wat belang het in die vellehandel nie.

Dit sal aan elkeen duidelik wees dat stappe tot verbetering van die toestande waaroor in die afgelope tyd soveel gekla is, en stappe tot verwydering van die antipatie wat daar in die buiteland teen ons velle ontstaan het, nie gedoen kan word voordat die handel behoorlik georganiseer is nie. In die vellehandel self is daar drie uiteenlopende belange, en wat die boere betref, vind ons hoegenaamd geen organisasie van produseerders van velle nie.

Optrede Noodsaaklik.

Toestande het baie ongunstig geword. Ons vellehandel—en soos hierbo gesê, is dit 'n belangrike handel—is reeds ernstig bedreig, so erg selfs dat, om maar een geval te noem, een van die vernaamste buitelandse kopers aan sy verteenwoordiger alhier opdrag gegee het om nie meer hier velle te koop nie. Uit gegewens blyk dit dat die vellehandel in 1929 reeds 'n gevoelige slag toegedien is. Onder hierdie omstandighede het die Afdeling Ekonomie en Marke gevind dat dit noodsaaklik is om te handel met so min versuim moontlik.

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

JUNIOR HANDELSERTIFIKAAT.

AFRIKAANS B.

EKSAMINATOR: J. J. DU PREEZ.

MODERATOR: S. S. LOUBSER.

AFDELING B.

1. Skryf 'n opstel van minstens 30 reëls oor *een* van die volgende onderwerpe:—
 - (a) Die Riviere van Suid-Afrika.
 - (b) Die Droogtevraagstuk in Suid-Afrika.
 - (c) Ons Fabrieke.
 - (d) Ons Uitvoerhandel.
 - (e) Koöperasie.
2. Skryf 'n brief aan 'n klant waarin u hom/haar beleefd versoek om 'n agterstallige rekening te betaal. Skryf ook die antwoord hierop. [15]
3. Gebruik *vyf* van die volgende woorde in sinne sodat u hul betekenis in die handel duidelik uitbring: Kortings, wissel, voldaan, rente, paalement, skuldenaar, vereffening, bestelling. [5]
4. Skryf die volgende stuk oor en bring aan die nodige lees- en skryftekens en verdeel in paragrawe:—

jy lyk so goed bekend met dublin se pat later maar ek wonder my darem dat jy nog nie met my famielie in aanraking gekom het nie die O'Brien famielie is nie so onbekend in die uniwersitere kringe nie ek het die eer gehad antwoord erasmus om een aand op 'n resepsie met 'n mej. O'Brien kennis te maak

ek weet ook waar die famielie woon maar die eer het ek nog nie gehad om by hulle aan huis uitgenooi te word nie dis vir my dan baie aangenaam om jou saam met jou vrind dirk uys uit te nooi om môreaand by ons te kom eet. [7]

5. Bring oor in die indirekte rede:—

„Pat,” sê Mej. O'Brien, „jy maak of jy somarso oor my kan beskik. Ek kan agter myself wel kyk en het die sorg van niemand nodig nie.”

„Ek weet mos jy sal toestem, niggie. Julle tweetjies het al so'n snaakse ervaring gehad dat my voorstel niks in vergelyking is met wat hier plaasgevind het nie.”

„Mej. O'Brien, ek is so vry om die voorstel van Pat aan te neem en ek vertrou dat u my sal toelaat om aan die versoek van Pat te voldoen,” vervolg die derde spreker. [8]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

 NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

INTERMEDIÊRE HANDELSERTIFIKAAT.

AFRIKAANS B.

Drie uur.

EKSAMINATOR: S. S. LOUBSER.

MODERATOR: DR. N. M. HOOGENHOUT.

AFDELING B.

1. Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor *een* van die volgende:—
 - (a) Handelsreisigers.
 - (b) Die Reserwebank.
 - (c) Die Besigheidsman.
 - (d) Geldbelegging. [25]
2. Skryf volledig soos in die praktyk 'n aansoek vir die onderstaande betrekking: Benodig—Boekhouer vir 'n Firma op Oos-Londen. [5]
3. Gebruik *vyf* van hierdie terme soos dit in die handel voorkom, om hul betekenis te verduidelik:—Handelsbetrekkings, aanplakbiljet, gekruiste, benaderde, verdiskonter, versender, akseptant. [10]
4. 'n Handelaar het 'n boer se wol gekoop. Hy het nou klaar met skeer; het 25 bale wol; die paaie is nat; wil weet wanneer en waar hy moet lewer. Skryf nou hierdie brief volledig. [10]
5. Gebruik *vyf* van hierdie afkortings en sê wat hul beteken:—p/a, Hh., l.l., pp., deser, K.O.A., Dt., Kie.
6. Maak 'n opsomming van die volgende markrapport (sowat eenderde van die lengte):—

Die Boere-Saamwerk, Bpk. (Oos-Londen) stuur die volgende inligtings in verband met die wolmark:—
Sedert die jongste markberigte het die oorseese mark 'n

gunstige wending geneem. Op die Londense veilings het wol 'n bietjie gestyg. Die mark is vaster, die mededinging lewendiger, die aanvraag groter en pryse gevolglik beter.

Plaaslike toestande weerspieël die buitelandse mark getrou. Dadelik nadat dit duidelik geword het dat die laagste punt bereik was, het die aanvraag toegeneem. Die aangebode wol is byna alles verkoop teen pryse wat nagenoeg vyf persent hoër is as dié van die vorige veilings. Dit sou egter oordrewe wees om uit die klein verbetering te optimistiese gevolgtrekkings te maak, derhalwe waarsku die firma teen die verwagting dat wol nou spoedig tot die peil van verlede jaar sal styg.

Mense wat hul wol gehou het, word aangeraai om dadelik aan te stuur. Verder word gewaarsku teen binnelandse spekulante wat nou hul uiterste doen om wol teen die laagste pryse te koop. [5]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

 NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

SENIOR HANDELSERTIFIKAAT.

AFRIKAANS A.

Drie uur.

EKSAMINATOR: B. B. WEITSZ.

MODERATOR: DR. N. M. HOOGENHOUT.

AFDELING B. (Twede Vraestel.)

- I. Skryf 'n opstel van omtrent 60 reëls oor een van die volgende onderwerpe:—
 - (a) Die Steenkoolnywerheid van Suid-Afrika.
 - (b) Die voor- en nadele van vryhandel.
 - (c) Die Bankwese van Suid-Afrika.
 - (d) Lewensversekering.
 - (e) Koöperatiewe Verenigings. [10]
2. Gebruik ses van die volgende woorde in sinne wat hul betekenis duidelik laat uitkom:—

Standaardmunt, tydloon, uitvoerpremie, wisselkoers, promesse, aksyns, faktuurbrief, ruilwaarde, kapitaalrente. [6]
3. Stel 'n sirkulêre op waarin u die voordele van 'n nuwe wolpers, wat deur u firma te koop aangebied word, uiteensit. [6]
4. Skryf 'n kort verhandeling oor die billikheid of andersins van 'n omsetbelasting.

Of,

Skryf 'n brief aan die Minister van Spoorweë waarin u kla oor die sorgelose manier waarop vrugte deur die spoorwegbeamptes gehanteer word. [5]

5. U is die stadsklerk van die dorp A. Skryf 'n saaklike verslag van die tweeweklikse vergadering van U Raad. [5]
6. Gee 'n opsomming van die inhoud van die volgende stuk:—

Die rosyntjieproduksie het nie maar onbelemmerd voortgegaan en in dieselfde eweredigheid toegeneem gedurende hierdie jaar nie, maar dit het ook stampe en stote gekry.

Vir die onbeteuelde vermeerdering in produksie sou dit nodig gewees het, dat g'n slegte grond besit en beplant word nie—'n posiesie wat haas ondenkbaar is daar die oppervlakte grond beperk is.

Daar kan ook nie meteens so'n groot verlaging in produksiekoste teweeg gebring word deur beter metodes nie temeer daar die vermeerderde opbrings alles in een seisoen van die jaar sal moet verwerk word, sodat die swakkere grond ook alles in 'n paar jaar beplant kan word. Verder het droogte ook wel sy invloed laat geld, soos te sien is in die verlaagde opbrings van 1918-19.

Die koms van die druiweluis (*Phylloxera*) in Suid-Afrika, het ook stremmend gewerk op die rosyntjienywerheid daar ons baie jare moes eksperimenteer om die regte wilde onderstok vir die spesifieke grondsoort te kry en ook vir die regte druifsoort, veral by Hanepoot, wat baie kieskeurig is ten opsigte van onderstokke.

Die produksievraagstuk het vroeg reeds 'n afset-probleem geword, veral daar ons plaaslike afset klein was weëns 'n dun en verspreide bevolking (meesal veeboere). Vanaf die tyd (1892) dat ons ook gedroogde vrugte begin uitvoer het, moes ons rosyntjienywerheid ook met die wêreldproduksie rekening hou. Die rosyntjiehandel (Sultanas uitgesluit) het ook gedurig rekening moet hou met die prys van wyn en mos, want is wyn duur, dan daal die hoeveelheid rosyne wat geproduseer word en omgekeerd. [6]

7. U is die bestuurder van 'n fabriek en het moeilikheid met u arbeiders oor lone en werkure. Skryf 'n brief aan u Direkteure en deel hulle u sienswyse mee. [5]
8. Maak die nodige verbeterings as proefleser van die stukkies drukwerk wat u voorgelê is, en sit dit dan in u antwoordboek.

Daar sal geen punte toegeken word as die stuk, met die nodige verbeterings, eenvoudig oorgeskryf word nie. [5]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

AFRIKAANS A.

VRAAG 8.

NASIEN VAN DRUKWERK.

(N.B.—Die verbeterings moet op hierdie bladsy gemaak word.)

Te Kop—Plase van byna enige goote. bewerk en om-bewerk. Na an of ver na sppor of dorp. Net sos verlang word. Baje gesonde velt en pryse baie laag Om verdere bysonderhede doen onmidlik aansoek by Thos. A. du Toit, bus 29, Pretoria. [5]

UNIE-DEPARTEMENT VAN ONDERWYS.

 NASIONALE HANDELSEKSAMENS, JUNIE 1930.

SENIOR HANDELSERTIFIKAAT.

Drie uur.

AFRIKAANS B.

EKSAMINATOR: B. B. WEITSZ.

MODERATOR: DR. N. M. HOOGENHOUT.

AFDELING B.

1. Skryf 'n opstel van sowat veertig reëls oor *een* van die volgende onderwerpe:—
 - (1) Vakverenigings.
 - (2) Die Rosyntjienywerheid in Suid-Afrika.
 - (3) Vaderlandsliefde.
 - (4) Immigrasie.
 - (5) Die waarde van die koerant in die handel. [30]
2. Gebruik *vyf* van die volgende woorde in goeie sinne:—
 Bruto, balansstaat, waardevermindering, groothandel, begroting, surplus. [10]
3. Skryf 'n brief aan die groot winkels in Pretoria waarin u hul meedeel dat u die enigste agent in Suid-Afrika is vir die verkoop van „Duro-verf” en beskryf terselfdertyd die voortreflikhede van die soort verf. [8]
4. (a) U is die bestuurder van 'n groot vrugteboerdery: Skryf 'n omsendbrief aan al die groot hotels van die land en deel die eienaars mee watter soorte van vrugte u te koop aanbied en teen watter pryse u vrugte kan lewer.
 (b) Mnr. A. bestel 'n hoeveelheid vrugte. Skryf sy brief.
 (c) Erken die ontvangs van sy brief en bedank hom vir sy bestelling. [12]

5. Gee die algemene sinsontleding van die volgende stuk:—

As daar deur sommige lede miskien gevra word, waarom ons nie hierdie gedragslyn al vroeër gevolg *het nie, wil ek daarop wys* dat ons al jarelank proef-
het nie, wil ek daarop wys dat ons al jarelank proef-
nemings gedoen het, waardeur bewys is dat dit ons
nie sal loon om sulke werk te aanvaar nie, sodat ons
nou meen dat ons maar moet aangaan op die ou
beproefde pad, ofskoon dit vir sommiges ietwat stadig
en ouderwets sal lyk. [20]

6. Dui aan wat die teenoorgestelde van die volgende byvoeglike naamwoorde is:—

'n *Doodse* toestand;
'n *suinige* handelaar;
'n *pittige* toespraak;
'n *stygende* neiging;
'n *stewige* gebou. [5]

7. Lei af van die woorde tussen hakies 'n toepaslike byvoeglike naamwoord:—

Hy het 'n (aan 'n uniwersiteit) opleiding geniet.
Dis 'n (wat aan 'n stad behoort) watertoevoer.
Daar het hul 'n (van 'n republiek) regerings-
vorm.

Dit hang af van die (deur 'n regter gegee) uit-
spraak.

Ons moet berus in die (van 'n koning afkomstig)
besluit.

Ons wil verwys na die (redaksie) houding van
ons tydgenoot. [5]

8. Skryf hierdie stuk oor in die *indirekte rede*:—
Mnr. Pretorius sê:

„Ek wil net aan die vergadering verduidelik hoe
sake staan met betrekking tot hierdie saak. Reeds 10
jaar gelede het ek getrag, in oorleg met my kollega's,
om hierdie oogmerk deur 'n stoutmoedige daad te

bereik, maar die meerderheid van my medelede was van mening dat die tyd daartoe nog nie ryp was nie. Ons moes dus maar nog 'n bietjie geduld aan die dag lê, en ons pogings het skipbreuk gely. In die toekoms sal ons dit anders moet aanlê en ek doen nou hier 'n beroep op julle om julle belangstelling daarop aan te stuur dat ons deur geduld en volharding 'n groot organisasie tot stand sal bring in die toekoms." [10]

9. Gee 'n saaklike opsomming van die volgende stuk:—

Gister het die Indiese afvaardiging op sy terugreis vertrek, nadat hier met die verteenwoordigers van die Suidafrikaanse regering 'n voorlopige ooreenoms getref is. Hoe moeilik die taak was wat hierdie konferensie moes aanpak weet elkeen in die land. Dat dus verteenwoordigers van die twee lande daarin geslaag is om 'n weg uit te dink wat deur albei aanvaar kan word, spreek boekdele vir die ernstige en opregte begeerte van albei kante om tot 'n wedersydse bevredigende oplossing te geraak, en vir die tak en die bekwaamheid van die onderhandelaars. Dit het al geruime tyd aan die land duidelik geword dat die Asiate-vraagstuk noodsaaklikerwys op die een of ander manier aangepak moet word; langs die bestaande lyne kon die saak nie voortgaan nie. As dit nie kon geskied met die steun en medewerking van Indië nie, dan moes dit geskied sonder daardie medewerking en selfs niesteaande Indië se teëstand. Maar dit is ook duidelik gevoel dat, as dit die geval moes wees, dit nooit heeltemal bevredigend sou werk nie; afgesien van ander oorwinnings sou Indië altyd in 'n besonder gunstige posisie wees om struikelblokke in ons pad te gooi. Om dit op te helder, is dit slegs nodig om te herinner aan die gewig wat Suidafrika heg aan die stelsel van repatriasie, m.a.w. die stuur van Indiërs, baie van wie hier in ons land gebore is, na Indië. [20]



Afrikaanse Klank- en Sinverwante Woorde

SINONIEME, HOMONIEME EN PARONIEME.

DEUR

O. van OOSTRUM, O.I. en J. H. RADEMEYER, M.A.

131 bls.

Prys 3/6.

Spreekwoordeboek

Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens., met 'n kort
verklaring van die betekenis *en die Engelse ekwiwalent*.

DEUR

Dr. KRITZINGER, DE VILLIERS en PIENAAR.

Vierde druk, 163 bls.

Prys 4/6.

Assignments in English

for the Highest Classes
of the Secondary Schools,

BY

F. J. EYBERS, B.A.


2/-.

Duitse Taaloefeninge en Toetsvrae.

vir Middelbare Klasse,
deur F. J. EYBERS, B.A.

2/6.

J. L. VAN SCHAIK, BPK., UITGEWERS, PRETORIA.



Op iedere Boekrak behoort aanwesig te wees vir
referensie gebruik:

Die tweede, verbeterde en belangrik uitgebreide uitgawe

van die

Groot Woordeboek

AFRIKAANS-ENGELS en
ENGELS-AFRIKAANS

*en die nuutste Afrikaanse Spelreëls van die SA. Akademie
vir Taal, Lettere en Kuns,*

saamgestel deur

DR. M. S. B. KRITZINGER, M.A.,

H. A. STEYN, M.A., M.ED.,

DR. P. C. SCHOONEES, M.A., U. J. CRONJÉ, M.A.

met medewerking van

PROF. MAX DRENNAN, M.A.,

Uniwersiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

1290 bladsye, ekstra sterk gebind, duidelike druk,

formaat $7\frac{3}{4} \times 5\frac{1}{4}$ dm.

Prys 15/-.

'n Beperkte aantal is verkrygbaar in twee afsonderlike
dele @ 16/- vir die twee dele.